higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KUNS EN WETENSKAP VAN ONDERRIG
NKR VLAK 3

(5050053)

26 Februarie 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

040Q1S2026

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies die korrekte term uit dié tussen hakies Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Onderwysers behoort 'n (grondlyn-/gestruktureerde) assessering aan die begin van die jaar te doen.

1.2 (Leerinhoud/'n Leerarea) is 'n kombinasie en integrasie van 'n groep soortgelyke vakke.

1.3 (Toepassing/Begrip) beteken die gebruik van kennis op 'n praktiese manier.

1.4 Jy is (kreatief/vyandig) wanneer jy aan nuwe idees kan dink en probleme kan oplos.

1.5 (Fasiliteer/Bespoedig) beteken iets gebeur of ontwikkel vinniger.

1.6 (Oorgang/Uitbreiding) beteken om iets te vermeerder deur iets ekstra daarby te voeg.

1.7 (Verskansing/Empatie) is begrip vir 'n ander persoon se gevoelens.

1.8 'n Persoon is (onafhanklik/sosiaal) wanneer hy/sy daarvan hou om tussen ander mense te wees.

1.9 (Konstruktiewe/Destruktiewe) optrede is sorgvuldige oorweging en veronderstel om behulpsaam te wees.

1.10 (Domineer/Vooroordeel) beteken jy is in beheer, want jy is sterker en het meer gesag.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 'n Humanis is besorgd oor die belange en welvaart van ander.

2.2 Jy is selfversorgend wanneer jy nie op ander staatmaak nie.

2.3 Hoe jy kennis opdoen word papegaaiwerk genoem.

2.4 Die proses om 'n taak te verrig, word implementering genoem.

Kopiereg voorbehou

2.5 Om iets te bemeester behels nie kundige kennis of uitstekende vermoë nie.

2.6 Graad R-onderwysers behoort nie die beginsel van vryheid te volg nie.

2.7 Om reëls met gesag voor te skryf of af te dwing is om demokraties te wees.

2.8 As 'n voorwerp nie konkreet of werklik is nie, word dit tasbaar genoem.

2.9 Om te kies om iets te doen is vrywillig.

2.10 'n Sensitiewe senuwee-einde wat inligting ontvang, word 'n reseptor genoem.

2.11 Perseptuele vaardighede hou met emosies verband.

2.12 'n Lesing vind plaas wanneer net die onderwyser in die klas praat.

2.13 Om mense te help tot waar hulle nie meer vir hulself dink nie, maak hulle afhanklik.

2.14 Jy maak 'n aanname wanneer jy iets as vanselfsprekend aanvaar.

2.15 Wanneer iets stap vir stap gedoen word, word dit stelselmatig genoem.

(15 × 1) **[15]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–R) langs die vraagnommer (3.1–3.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Vraag met meer as een antwoord	A	voorstaan
3.2	Om rond te beweeg of plekke te ruil	B	vryelik skryf
3.3	Inskrywing van kinders met leergestremdhede by hoofstroomskole	C	sekulêr
		D	motoriese beheer
3.4	Leerders het baie of verskillende agtergronde	E	uitsonderlik
3.5	Geld net vir 'n klein aantal dinge	F	selektief
3.6	Buitengewoon, nie volgens 'n algemene reël nie	G	diverse
		H	roteer
3.7	Vermoë om dinge te skuif, vas te hou en te gebruik	I	outisme
3.8	Geestesgestremdheid wat persone sosiaal onbevoeg maak	J	insluiting/inklusie
		K	improviseer
3.9	Skryf neer wat ook al in jou kop kom	L	abstrakte begrippe
3.10	Om 'n idee uit te dink of te beantwoord sonder beplanning	M	medelye
3.11	Om in te lig, verduidelik, beskryf of iets te definieer	N	kurrikulumteorieë
		O	verklarend
3.12	Eienskap om ingewikkeld te wees	P	bekendheid
3.13	Persoonlike kennis of inligting oor iets of iemand	Q	kompleksiteit
3.14	Manier om die redenasie rakende sekere benaderings te verduidelik	R	oop vrae
3.15	Gevoelens van diep simpatie en 'n behoefte om te help		

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die term *onderrigstrategie*. (1 × 2) (2)

4.2 Noem TWEE verskillende uitvrategnieke. (2 × 1) (2)

4.3 Definieer die term *navorsing*. (1 × 2) (2)

4.4 Noem TWEE beginsels van koöperatiewe leer. (2 × 1) (2)

4.5 Definieer die term *ouditief*. (1 × 2) (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A : 60

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gee VYF redes waarom rolspel as 'n goeie onderrigmetode beskou word. (5 × 2) (10)

5.2 Identifiseer die verskillende benaderings tot onderrig in elk van die volgende scenario's:

5.2.1 Die fokus is op wat elke leerder na 'n tydperk in staat is om te doen. Leerders is aktief betrokke by die leerproses, want hulle verstaan waarom hulle leer.

5.2.2 Die fokus is op die onderwyser. Leerders word feite en nie baie vaardighede geleer nie.

5.2.3 Die fokus is op vaardigheidsontwikkeling en -opleiding vir 'n spesifieke beroep of ambag.

(3 × 2) (6)

5.3 Noem en verduidelik, met behulp van 'n voorbeeld, 'n interne faktor wat die ontwerp van 'n kurrikulum kan bemoeilik. (2 + 2) (4)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Volgens dr. Bill Spady is daar VIER belangrike beginsels in uitkomsgebaseerde onderwys.

Identifiseer die beginsel in elk van die volgende beskrywings:

6.1.1 Onderwysers moet seker wees van wat hulle wil hê leerders moet weet en verstaan. Leerders moet ook 'n duidelike idee hê van wat hulle gaan leer.

6.1.2 Verseker dat leerders voortdurend aangemoedig en gemotiveer word. Die leerders word uitgedaag en raak betrokke by die stelsel om die uitkomste te bereik.

6.1.3 Die klem is op die skep van geleenthede om al die leerders tegemoet te kom, want nie al die leerders leer op dieselfde tyd en teen dieselfde tempo nie.

6.1.4 Dit is ook bekend as die beginsel van terugwaartse kartering. Die onderwysers gebruik die resultate om dit wat geleer moet word, te beheer.

(4 × 2) (8)

6.2 Noem VIER uitkomste wat in 'n les oor die belangrikheid van water bereik behoort te word. (4 × 2) (8)

6.3 Noem TWEE algemene idees oor hoe om diverse leerders in 'n klaskameromgewing tegemoet te kom. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Mev. Nash is trots op die manier waarop haar leerders hulle gedra, veral wanneer hulle groepwerk doen. Groepe werk saam sonder om baie te raas. Groeplede respekteer mekaar se standpunte en menings. Hulle weet presies wat hulle wil bereik en stel doelwitte vir hulself. Sy is ook trots op die feit dat hulle vra as hulle nie verstaan nie en dank betoon wanneer hulle gehelp word. Selfs die skaam leerders is bereid om hul menings te lug.

7.1 Noem VYF sosiale vaardighede wat in mev. Nash se klas bestaan. (5 × 2) (10)

7.2 Identifiseer die verskillende koöperatiewe bestuursvaardighede wat nodig is sodat 'n klaskamer doeltreffend in elk van die volgende stellings kan werk:

7.2.1 Die klaskamer behoort só gestruktureer te wees dat lede gelyke toegang tot al die hulpbronne behoort te hê. Groepe behoort mekaar nie te steur nie.

7.2.2 Iemand moet aangestel word om geraasvlakke te monitor en leerders daaraan te herinner.

7.2.3 Die onderwyser en leerders moet bespreek wat van hulle in die klas verwag word, en perke moet vir gedrag gestel word.

7.2.4 Al die leerders moet weet wat om te doen en wat van hulle verwag word. Alle verwagtinge moet neergeskryf en mondelings gekommunikeer word.

7.2.5 Spanmaats moet mekaar help. Dit kan ook portuurbevestiging insluit.

(5 × 2) (10)
[20]

VRAAG 8

8.1 Verduidelik die DRIE grondbeginsels van die tradisionele beginsel van onderrig deur jou eie voorbeelde te gee. (3 × 2) (6)

8.2 Kulturele sensitiwiteit is 'n belangrike aspek van 'n regverdige en gesellige klaskamer.

Gee VIER voorbeelde van maniere waarop 'n onderwyser kultureel sensitief kan wees. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

8.3 Charlotte Meyer is 'n nuwe onderwyseres met 'n klas van 40 leerders. Sy dink daagliks na oor waar sy verkeerd gaan en hoe sy die klas kan verbeter. Sy dink ook oor verskillende strategieë om geraasvlakke laag te hou en al die leerders besig te hou. Sy skenk spesiale aandag aan die stadige leerders en gee die vinnige leerders bykomende take.

8.3.1 Identifiseer die onderrigmetode wat Charlotte gebruik. (2 × 1) (2)

8.3.2 Staaf die antwoord in VRAAG 8.3.1 met TWEE voorbeelde uit die scenario. (2 × 2) (4)

[20]

VRAAG 9

9.1 Mev. Seale is 'n streng onderwyseres wat nooit glimlag nie en onvriendelik voorkom. Haar leerders word nie toegelaat om lessenaars te deel nie. Hulle word nie toegelaat om vrae te vra en in die klaskamer te praat nie. Sy probeer selde om die leeromgewing aanloklik en interessant te maak. Haar klaskamermure is oninteressant met net 'n paar prente.

Dit is duidelik dat mev. Seale nie 'n omgewing skep wat leer bevorder nie.

Stel VYF maniere voor waarop sy haar klaskameromgewing kan verbeter. (5 × 2) (10)

9.2 Mev. Maseti kom al haar leerders tegemoet en wil hê dat hulle onafhanklike denkers word. Sy laat hulle besluite neem oor hulle werk, maar dring daarop aan dat hulle dit ook met haar bespreek. Sy moedig ook kritiese denke aan. Leerders mag groepwerk doen, maar mag ook op hulle eie werk.

Gee VYF redes uit die scenario om te bewys dat mev. Maseti selfstandige leer aanmoedig. (5 × 2) (10)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10

Identifiseer die menseregte wat in elk van die prente hier onder uitgebeeld word deur die antwoord langs die vraagnommer (10.1.–10.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

…



10.1.



10.2



10.3



10.4



10.5

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 11

11.1 Identifiseer die metode van onderrig, VERKLAREND of DEELNEMEND, wat in elk van die scenario's hier onder gebruik word deur 'Verklarend' of 'Deelnemend' langs die vraagnommer (11.1.1–11.1.2) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf, en 'n kort rede vir jou antwoord te gee.

11.1.1 Die onderwyseres praat en leerders het geen keuse as om die instruksies te volg nie. Sy leer hulle hoe om te skryf, en om goed te luister en netjies te skryf.

11.1.2 Mev. Pook het haar leerders na die museum geneem om die lewensiklus van skoenlappers en ander insekte te ondersoek. Sy het hulle aangemoedig om vrae te vra. Haar leerders was baie opgewonde.

(2 × 4) (8)

11.2 Onderskei tussen die *kennisgesentreerde* en *sosiaalgesentreerde* teorieë van onderwys deur te sê waarop elke teorie fokus. (2 × 1) (2)

[10]

VRAAG 12

12.1 Identifiseer die spesiale behoeftes wat in elk van die situasies hier onder gegee word. Gee 'n rede vir jou antwoord.

12.1.1 Nicolene se ma het baie alkohol gedrink toe sy haar verwag het. Na haar geboorte het dokters ontdek sy het breinskade en groeiprobleme. Haar onderwyser het haar ma vertel haar aandag word maklik in die klas afgelei.

12.1.2 Austin het swak sosiale vaardighede en maak geen oogkontak met enige van sy portuurgroep nie. Hy haat dit om drukkies te kry. Hy vaar goed in wiskunde.

12.1.3 Rita ly aan onwillekeurige spierbeweging en kan nie aan enige liggaamlike aktiwiteit deelneem nie. Sy kan ook nie duidelik praat nie.

12.1.4 Sima het dikwels epileptiese aanvalle in die klas wat hom onbewus van sy omgewing maak.

(4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

Mev. Right hou nie van koöperatiewe leer nie. Sy sê dit veroorsaak te veel geraas weens persoonlikheidsverskille. Sy dink ook nie al die leerders doen hulle deel van die werk nie, maar wag vir ander om dit te doen. Mev. Right voel die skaam kinders is ongemaklik wanneer hulle moet deelneem en kry nie 'n kans om hulle menings te lug nie.

12.2 Waarom is mev. Right so negatief teenoor koöperatiewe leer? (4 × 2) (8)

12.3 Noem TWEE verantwoordelikhede van 'n onderwyser wat groepwerk doen. (2 × 2) (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou